INMAAKVRUGTE
PRODUSENTE VERENIGING

SEPTEMBER 2025

# NUUSBRIEF



LINKS NA REGS: JACQUES JORDAAN, NICKY WEIMAR EN ANTHONY DICEY

### VESTIGING EN PRODUKSIEKOSTES 2025

**Dit is slegs 'n riglyn. Elke produsent moet sy eie kostes in sit.**

APPELKOSE (KLEIN KAROO)
PERSKES (KLEIN KAROO)
PERE (CERES)

### MRL LYSTE BESKIKBAAR

**Raadpleeg jou spuitstof adviseur.**

APPELKOSE
PERSKES
PERE

LAAI AF

## IPV Algemene Jaarvergadering

Die Inmaakvrugte Produsente Vereniging se Algemene Jaarvergadering is op 7 Augustus 2025 in Rawsonville aangebied, met ongeveer 90 lede en rolspelers in die bedryf wat saamgekom het vir 'n dag van bedryfsinsigte en netwerkgeleenthede.

Jacques Jordaan het terugvoering gegee oor die bedryf en internasionale mededinging, met spesifieke verwysing na produksiesyfers, bemarkingskanale, oesskatting en aanplantings in hektare. Hy het die afname in perske- aanplantings beklemtoon en die noodsaaklikheid van volhoubaarheid onderstreep. Produsente is gewaarsku teen onverskillige appelkoosaanplantings.

Jacques het ook `n internasionale oorsig gegee:

- Griekeland: Opbrengste vir appelkoos is ongeveer 40% laer, met aansienlik minder puree beskikbaar. Perskes het 'n 30% laer opbrengs en die vrugte is kleiner, terwyl die Europese varsmark ook sterk met inmakers meeding vir taaipitperskes. Die mark bly onder druk met lae pryse. Daar is ook onsekerheid oor die VSA en sterk mededinging van China.
- Spanje: Hael het die appelkoosproduksie, veral in Murcia, swaar getref, met minstens 40% minder opbrengs en swak gehalte, terwyl puree-pryse gestyg het. Perskes het 10–15% minder opgelewer, en die varsmark wat mee ding met inmakers wat produsente aanmoedig om na beter verkoopsopsies te soek.
- VSA: Ekonomiese onsekerheid heers, versterk deur politieke onsekerheid oor die beleidrigting onder President Donald Trump. Die 2025-oes word op 203 000 ton geraam, 6% laer as in 2024. Del Monte het aansoek gedoen vir likwidasie maar verwerk steeds die huidige seisoen. Hulle hanteer sowat 35% van die VSA se inmaakperskes. Die oorblywende fabriek beskik nie oor die kapasiteit om die addisionele volume te absorbeer nie.
- Die internasionale mark toon oor die algemeen laer oeste, kleiner vrugte, wisselende kwaliteit en sterk mededinging. Perske- en appelkoosaanplantings neem af, en produsente fokus op volhoubare produksie. Om die bedryf volhoubaar te hou, moet alle inmaakprodusente en verwerkers wêreldwyd meer vir hul vrugte verdien.

**Die gasspreker, Nicky Weimar, hoofekonoom by Nedbank, 'n toespraak gelewer getiteld "Macroeconomic trends to consider in positioning your agri-business."** Sy het gefokus op algemene ekonomiese onsekerheid en die invloed van internasionale mededinging, wat strategiese posisionering in die landbou noodsaak. Haar aanbieding was insiggewend en toeganklik vir almal teenwoordig, en sy het afgesluit op 'n positiewe noot: ten spyte van regeringsuitdagings bly die verbruiker se koopkrag 'n bron van hoop vir Suid-Afrika. `n Spesiale dank aan Daneel Rossouw vir die reëlings rakende Nicky se voorlegging.

Die dag het weereens gewys hoe waardevol dit is wanneer die bedryf bymekaarkom om kennis te deel en saam oplossings vir die toekoms te vind.

LAAI AF

JACQUES JORDAAN VOORLEGGING
NICKY WEIMAR VOORLEGGING




NICKY WEIMAR SAAM MET DANEEL ROSSOUW (NEDBANK, LANDBOUVERKOOPSHOOF)

# Ashton vier hoop en nuwe begin

`n Dankseggingdiens is op Dinsdag 24 Junie by die Langeberg & Ashton Foods se inmaakfabriek gehou met meer as 350 plaaswerkers, boere, fabriekswerkers en geestelike leiers wat dit bygewoon het.

Groot dankbaarheid, verligting en hoop vir die toekoms. Só het inwoners van Ashton hul gevoelens beskryf ná die goeie nuus dat die inmaakfabriek nie gesluit gaan word nie.
Dit was `n senutergende vyf jaar nadat Tiger Foods aangedui het dat hulle nie meer die fabriek wil bedryf nie. Meer as 4000 permanente en tydelike poste in Ashton was op die spel en dit sou `n groot impak op die ekonomieë van om omliggende dorpe gehad het. Sowat 2000 permanente poste van plaaswerkers was ook in gedrang.


Die fabriek is vroeër vanjaar in `n transaksie aan Langeberg Foods Pty Ltd (`n nuutgestigte maatskappy) verkoop. Langeberg Foods se nuwe eienaars bestaan uit vrugteprodusente van die Ashton Fruit Producer's Co-operative (AFPAC), wat in 2020 deur boere in Roberston, Ceres, die Breederivier en Klein- Karoo gestig is, tesame met Norfund (The Norwegian Investment Fund for Developing Countries).


Met die dankseggingsdiens, tydens sang en gebed het beide boere en werkers se trane vrylik gevloei.

LUISTER HIER









## Raadsveranderinge

Ons neem vanjaar afskeid van drie raadslede: **Hugo Theron (Tulbagh)**, **Jaco de Wet (Robertson)** en **Andre Smit (Koue Bokkeveld - Witzenberg)**. Baie dankie vir jul tyd, kundigheid en passie vir die bedryf wat julle oor die jare met ons gedeel het. Terselfdertyd verwelkom ons die volgende twee nuwe raadslede:



**FC Orffer**

FC, is 'n toegewyde boer met 'n passie vir landbou en gesinslewe. Hy en sy vrou, Anel, het drie kinders: Erik (11), Albertus (10) en die jongste, Alé (7). Wanneer hy nie op die plaas besig is nie, geniet hy tyd saam met sy gesin, sport, en 'n goeie rondte gholf saam met vriende.

Vir FC is dit 'n voorreg en 'n groot verantwoordelikheid om as raadslid van Tulbagh te dien. Hy sien uit na die uitdagings en geleenthede wat voorlê en is vasbeslote om 'n positiewe bydrae tot die raad en die bedryf te maak. Sy leuse is: "Team work makes the dream work."



**Pieter Kriel**

Pieter het groot waardering vir sy vrou, Sonelle wat hom ondersteun. Hy koester elke oomblik saam met sy gesin. Hy geniet dit om in Afrika te toer en die omgewing te verken terwyl hy rus en inspirasie vind.

Sy gunsteling sê-ding in moeilike tye is: "Môre kom die son weer op". 'n Herinnering om altyd positief te bly.

Pieter is passievol daaroor om iets te bou waarvan ander ook kan voordeel trek, en sien daarna uit om as raadslid van Robertson by IPV
betrokke te wees. Dit is uitdagend om met inmaakvrugte te boer, en hy wil graag bydra tot positwiteit en stabiliteit in die bedryf.

## Terugvoering uit die streke



### Rawsonville

Koue was goed, perskes blom mooi. Minder reën maar damme vol. Pere lyk goed, seisoen 10–14 dae vroeër.

### Montagu

Die winter het goeie koue gebring, maar nie baie reën nie. Produsente moes reeds begin besproei, en ons hoop vir nog reën om die damme aan te vul. Die bloeisels lyk baie belowend.

### Piketberg

Reën was minder, maar ons het genoeg oorstaan water gehad. Vroeë nektariens en pruime blom mooi en dit lyk na ʼn goeie jaar. Pere begin ook blom, en die verloop van die seisoen is oor die algemeen dieselfde as verlede jaar.

### Prins Alfred Hamlet

In die Warmbokkeveld verskil waterbeskikbaarheid – sommige produsente het genoeg, ander nog nie half nie. Steenvrugblomme lyk goed, 2 dae vroeër tot 5 dae later as verlede seisoen. Early BC is net verby groenpunt met sterk knoppe; vir WBC is dit nog te vroeg. Die koue winter het goeie rus gegee, en met genoeg water lyk dit na ʼn goeie seisoen.

### Ceres

Die Vroeë BC is ongeveer 11 dae vroeër, maar dit sal eers by volblom duidelik wees. Cascade-bome het mooi geblom en is verby volblom. Die temperature begin nou lekker optel, die seisoen is goed aan die gang, en die damme is vol.

### Robertson

Dit is droog in Robertson, maar die bome blom mooi en daar is tot dusver geen rypskade nie.

### Barrydale

Dit het vinnig warm geraak. Damme nog nie vol nie. Sandvliet is verby volblom; Fantasy, Keisie en Malherbe ook volblom. Vallei lyk mooi, appelkose blom, en pere het genoeg koue gekry.



**Belofte van goeie oes vir "nuwe " fabriek. Dankie Jesus!**
**(Ernst Botha, Voorspoed Boerdery Trust, Robertson)**

# Evaluasie resultate van vier inmaakperske seleksies


Vier seleksies is in die 2024/25-seisoen by die Klipboschlaagte perseel geëvalueer, met die fokus op vrugkwaliteit, opbrengspotensiaal en boomaanpasbaarheid.


- **PE 18-02** het goeie eetgehalte (65/100) en 'n soeter suiker-suur balans getoon. Vrugte het `n helder oranje-geel vleiskleur. Die seleksie het gemiddeld gevaar in tekstuur en bergingskwaliteit.
- **PE 18-05** het die hoogste algemene telling vir eetgehalte (64/100), smaak & aroma (66/100) behaal, met groot vruggroottes en uitstekende kleureienskappe. Hierdie seleksie het ook goeie produksie potensiaal (60/100) en goeie aanpasbaarheid (67/100) getoon.
- **PE 18-06** het wel 'n mooi kleurpotensiaal binne die boom getoon, maar swak gevaar op produksie potensiaal (39/100). Ander negatiwe eienskappe was interne defekte soos rubberigheid en interne afbreek.
- **PE 18-07** het as 'n sterk kandidaat uitgestaan met goeie vruggrootte, hoë aanpasbaarheid (85/100), goeie produktiwiteit (69/100) en baie egalige rypwording. Die eetgehalte was gemiddeld (58/100), maar die seleksie bied goeie potensiaal vir verwerking.

Vir die inmaakbedryf bly groot, goed-gekleurde vrugte met konsekwente ferm tekstuur en goeie boomaanpasbaarheid, geteel vir Suid-Afrikaanse toestande, belangrike vereistes.

Die evaluasieverslag dien as 'n voorlopige ondersoek en moet nie as 'n finale aanbeveling vir kommersiële aanplantings gesien word nie.











## *Cutting Bee*: 'n Nuwe generasie perskes en appelkose

`n Paneel beoordelaars het op 27 Junie 2025 die nuutste perske- en appelkoosvariëteite wat deur die LNR (ARC) ontwikkel word, geproe en beoordeel. Die terugvoer wat tydens hierdie proses versamel is, is van groot waarde in die verdere evaluering van die kultivars.

Die bedryf is op soek na geskikte variëteite wat die oesseisoen se piek druk vir die inmakers kan verminder, sodat die vloei van vrugte meer egalig verloop, sonder om volume en kwaliteit prys te gee, maar ook goeie volumes te kan verseker. Dit sal vir beide die fabrieke en die inmaakprodusente 'n mededingende voordeel bied.

**NUUSBRIEF uitgegee deur die**
**INMAAKVRUGTE PRODUSENTE VERENIGING**

Hoofstraat 258, PAARL, 7620
Telefoon: 021 872 1501
E-pos: inmaak@cfpa.co.za
Webtuiste: cfpa.co.za